OPGEDRA AAN
BENEDICT EN AMINA KRIEG,
NINA EN HUGO FRONEMAN,
NICHOLAS EN MIA-NÉ JANSE VAN RENSBURG
ASOOK AL DIE WETENSKAPE VAN SCHUTTESDRAAI, SENEKAL

- LDV -

© Publikasie: Lapa Uitgewers, 'n afdeling van Penguin Random House Suid-Afrika (Edms) Bpk
Bosmanstraat 380, Pretoria
Tel: 012 401 0700
E-pos: lapa@lapa.co.za
© Teks: Leon de Villiers 2020
© Illustrasies en omslagontwerp deur Linki Brand 2020

Eerste druk 2020

ISBN 978-0-6396-0040-6

© Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag op enige manier gereproduseer word sonder die skriftelike toestemming van die kopiereghouers nie.

Gedruk deur
novus print
'n Afdeling van Novus Holdings

# WETENSKAAP

'n WOLLERIGE BOEK VIR NUUSKIERIGE KINDERS WAT HOU VAN ONGELOOFLIKE ONBENULLIGHEDE, VREEMDE VYTE EN ... SLIM SKAPE

LEON DE VILLIERS

GEÏLLUSTREER DEUR LINKI BRAND




## WAT IS WETENSKAAP?

Die behoefte om vyte bymekaar te maak, word *wetenskaap* genoem. Dit word so genoem omdat skape besonder baie weet van vyte. Trouens, skape maak heeldag vyte bymekaar.

## WAT IS 'n VYT?

Wanneer 'n mens goeters uitmekaarhaal en dit weer bymekaarsit, bly daar baie keer *ietsies* oor. Daardie *oorbly-ietsies* is vyte. Vyte wat sommer net rondlê, kan party mense vreeslik ontstel. Dit is hoekom daar goed soos dokters en doktors is: om weer die vyte terug te sit waar dit uitgeval het. As 'n mens se derms byvoorbeeld sou uithang, sal hulle dadelik 'n dokter roep om dit terug te sit. Dit is 'n vyt.

Skape hou daarvan om oorbly-ietsies bymekaar te maak. Soos byvoorbeeld al die oorbly-graspolle wat hulle nog nie gevreet het nie.




## WAT IS WETENSKAPE?

Mense wat hou van vyte, word wetenskape genoem. Jong wetenskape hou gewoonlik vyte in botteltjies aan en bêre dit onder hulle beddens. Of hulle dra dit rond in een van hulle baie broeksakke. Partykeer drup hulle selfs roomys daarop as hulle nie vinnig genoeg kan lek nie.




# WAT IS 'n FRAAG?

'n Fraag is 'n klein skopgrafie wat gebruik word om vyte op te tel.



Die meeste volwassenes sal handskoene aantrek voordat hulle 'n vyt met 'n fraag optel. Kinders is gewoonlik baie dapperder en sal dit sommer kaalhand doen. Daar is kinders wat altyd met 'n fraag in hulle sak rondloop. Altyd op soek na vyte. Sommige kleuters speel met frae nog voordat hulle met speelgoed speel. 'n Mens kry klein en groot frae. Klein frae werk partykeer beter om 'n groot vyt bymekaar te maak. Party mense het 'n vrees vir frae, want hulle is bang vir die vyte wat kinders dalk daarmee kan optel. In sommige lande sal hulle jou hand afkap as jy met 'n gevaarlike fraag rondloop.

Skape gebruik sommer hulle bekke as frae. Hulle is baie handig daarmee.





# WAT IS 'n GEVAARLIKE FRAAG?

'n Gevaarlike fraag is 'n baie honger fraag. Een wat altyd op soek is na vyte. Mense wat met 'n gevaarlike fraag rondloop, het gewoonlik so 'n wilde kyk in hulle oë. Soos 'n valk op soek na 'n muis of 'n skaap op soek na 'n groen graspol.



# WAT WEET SKAPE NOU EINTLIK?

Skape weet eintlik nogal deksels baie. Hulle kan van groen gras wit wol maak. Hulle dink nie eers hard as hulle dit doen nie, so goed is hulle. Die gras word in die skaap se bek ingelaai en dan sweet die skaap die wol orals oor sy vel uit. Hierdie wol is almal vyte, want as jy 'n skaap uitmekaarhaal, gaan jy nie sommer weer die wol kan terugsit nie. Jy kan probeer so hard as wat jy wil, maar die wol kan nie weer gras word nie. Daarom is alle wol vyte. Nie alle vyte is egter wollerig nie. Derms is byvoorbeeld glad nie wollerig nie.




# HOE SLIM IS SKAPE?

Skape is baie slim. Hulle het wol uitgedink nog lank voor mense geweet het truie sal goed werk in die winter. Selfs nog voor mense geweet het dat winter altyd na die herfs gaan kom.



# WAT IS DIE VERSKIL TUSSEN SY EN WOL?



Wol is uitgedroogde skaapsweet en sy is uitgedroogde wurmspoeg. Wurms maak 'n spoeg-gordyntjie waaragter hulle uit- en aantrek. Dit was nadat almal gekla het omdat hulle sommer enige plek in die openbaar uit- en aangetrek het. Wurms gaan graag op vakansie en trek dan hulle vakansieklere aan. Wurms op vakansie word skoenlappers of vlinders genoem. Hulle vlieg orals rond. Wurms hou so baie van vakansie dat niemand nog ooit wurms hulle vakansieklere weer sien uittrek het nie.
Die arme skape kry nooit vakansie nie.

## WAT IS VAKANSIE?



Vakansie is as jy *niks* gaan doen op plekke waar ander *iets* moet doen. Die wurms vlinder byvoorbeeld rustig rond, terwyl die skape moet gras vreet om wol te sweet.




## WAT IS SEISOENE?

Wol was eers lank gelede *sei* genoem.
Dit is voordat die sywurms aspris was en hulle uitgedroogde spoeg *sy* begin noem het. Wol wat in lang stukke aanmekaargeklou het, is 'n *sei-soen* genoem. Dis so genoem omdat dit gelyk het asof die *sei* mekaar soen. Toe die sywurms *sy* uitgevind het, het die skape besluit om nou eerder hulle sei *wol* te noem. Wolsoene was egter nie 'n goeie woord nie. Dit het te veel geklink na wolloene. Toe bly die skape maar by *seisoene*.

## WAT IS 'n WOLLOEN?

'n Wolloen is 'n miljoen skape bymekaar. Dit is 'n baie rustelose getal, omdat 'n mens baie maklik vergeet watter skape al getel is of nie.





## HOE WERK SEISOENE?

Seisoene hang van die skape en hulle wol af. Die skape gebruik die onderstebo-hitte van die groen gras om die wol te sweet. Groen is 'n onderstebo-warm kleur. Ons noem dit 'n onderstebo-warm kleur, want dit lyk koel en voel selfs koel en tog laat dit die skape wol sweet. Seisoene hang dus af van hoeveel die skape sweet of nie.



## HOEVEEL SEISOENE IS DAAR?

Daar is vier groot seisoene en baie kleintjies. 'n Klein seisoentjie word 'n *soenmyweertjie* genoem. Wanneer die *soenmyweertjie* lank genoeg uitgerek word, word dit 'n *seisoen* genoem.



## WAT IS DIE NAME VAN DIE VIER SEISOENE?



Die eerste seisoen is **Somer**. 'n Soom is die onderste deel van 'n stuk materiaal wat omgekeer word sodat dit nie kan uitrafel nie. In die **somer** rafel die gras vreeslik uit van die baie groen. Daarom noem ons die seisoen **somer**.



**Herfs** kom na somer. Groen wat halfpad opgevreet is, word *herfgroen* genoem. In die **Herfs**-seisoen begin dit koeler word omdat die groen *herf* opgevreet is.




**Winter** is wanneer dit koud is omdat daar niks meer groen is nie. Dan sit al die onderstebo-hitte in die wol. **Winter** is eers *Inter* genoem, omdat mense altyd binne-*in* huise en grotte moes bly om warm te word. Toe kom iemand agter dat die wol die groen se onderstebo-hitte het. Om dit te onthou het mense toe die W van wol voor *Inter* gesit. Nou word dit **Winter** genoem en selfs die domste mense onthou dan van wol en truie.



Nadat die groen lank genoeg onder die grond gerus het, kruip dit weer uit. Ons noem dit **Lente**. Lente is eers *Ente* genoem toe mense nog gedink het dat die baie lang, koue winter die *ent* (die einde) van die Aarde gaan beteken. Nou word dit **L-ente** genoem omdat die kinders dan buite kan *l-oop* speel.

## HOEKOM DRA MENSE KLERE?

Mense is eintlik maar lui en wil nie graag werk nie. Hulle het egter baie van die idee van die wurms se vakansies gehou. Toe begin hulle ook klere aantrek om te sê dat hulle eintlik diere op vakansie is. Niemand het hulle regtig geglo nie. Nou trek mense hulle klere uit wanneer hulle regtig op vakansie is. Soos by die see. Maar om te kan vlieg, soos 'n wurm op vakansie, moet mens 'n vliegtuig gebruik.





## HOEKOM TREK MENSE HULLE KLERE UIT AS HULLE BAD?

Net om hulle te herinner aan die lekker tye by die see met vakansies.

## HOEKOM BAD MENSE?

Lank gelede het mense net een stel klere gehad. Van al die dra het die klere begin stink. Toe dink die slim mense dat die klere dalk gewas moet word om nie so te stink nie. Party mense het toe met die uittrek onthou dat iets gewas moet word, maar het vergeet dit is die klere. Hulle was toe hulle self. Toe hulle so bad, voel dit vir hulle so 'n bietjie soos 'n vakansietjie. Daarom het dit 'n gewoonte geword. Baie kinders hou nie van bad nie omdat hulle bang is dat, as hulle te veel sulke klein vakansietjies hou, hulle dalk regtig sal moet begin werk.






## WAAROM WAS ONS MET SEEP?

Seep maak borrels. Binne-in elke borrel woon daar 'n vuilvretertjie. Die vuilvretertjies vreet al die vuil waarmee dit in aanraking kom. Daarom moet 'n mens nooit 'n kind in 'n bad vol borrels vergeet nie. Daar sal niks van hom of haar oorbly nie.

## HOEKOM MAAK SEEP BORRELS?

Seep is eintlik 'n swerm borrels. Borrels moet dig bymekaar bly, want as hulle eers op hulle eie begin rondsweef, word hulle so opgewonde dat hulle skoon bars van opgewondenheid.



## HOEKOM WOON VUILVRETERTJIES IN SEEPBORRELS?


Vuilvretertjies hou van ronde huisies wat blink van opgewondenheid.

## HOEKOM GAAN DIE DIERE NOOIT OP VAKANSIE NIE?

Om op vakansie te gaan, moet jy eers werk. Diere dink werk is baie simpel. Hulle bly dus liewer sonder vakansie as om te moet werk om 'n vakansie te gaan hou. Veral by die see.

## WAAR KOM DIE SEE VANDAAN?

Die see is Aardpiepie. Elke keer wat die Aarde al vreeslik geskrik het, het sy haarself papnat gepieps. Daarom proe die see baie sout.



## WAT HET DIE AARDE SO LAAT SKRIK?

Die Aarde het geskrik, want sy het gedink die groot *sondrook* wil haar opvreet.



## WAT IS DIE SONDROOK?

Die sondrook is die grootste drook in ons omgewing. Die **son** is die gloeiende binnegoed van die drook. Die sondrook se binnegoed gloei so helder dat dit lig maak op Aarde.




## WAT IS 'n DROOK?

'n Drook is 'n draak met 'n donkerbril op. Die donkerbril maak dat mense nie die draak kan sien nie.



## HOEKOM WIL DROKE NIE GESIEN WORD NIE?

Droke haat die geskreeu van bang mense. Mense het die baie slegte gewoonte om te skreeu as hulle 'n draak sien. Dit kan baie vervelig raak vir die droke.



## HOEKOM SIEN ONS NIE DIE SON IN DIE NAG NIE?

Die sondrook se binnegoed gloei net bedags, wanneer die sondrook wakker is.  Wanneer die sondrook slaap en dit donker is, sien ons al die ander droke se binnegoed gloei in die ruimte. Biljoene van hulle. Die goed is regtig 'n pes.

## WAT IS DIE RUIMTE?

Dit is die *tussen-in* waar al die los goed gebêre is toe die heelal lank gelede 'n slag goed skoongemaak is. Ongelukkig het niemand neergeskryf waar alles gebêre is nie en soek ons steeds na party goed. Elke nou en dan word daar ook weer iets in die ruimte ontdek waarvan ons al vergeet het.

## WAT IS DIE HEELAL?

Dit is die plek waar alle goed bymekaar is. Soos 'n baie groot winkelsentrum. Daar was 'n kaart wat presies verduidelik het waar wat in die heelal is. Ongelukkig het een van die vismotte dit opgevreet. Nou weet niemand op Aarde meer waar die heelal se in- en uitgang, of die toilette, is nie. Alles is nou so deurmekaar soos visse wat dink hulle is motte.

## WAAR KOM DIE HEELAL VANDAAN?

Die heelal was 'n enorme groot drookeier wat lank, lank gelede gebreek het. Met die breekslag het die reusedrookeier uitmekaargespat. Die heelal is dus 'n spul drookeierstukke.

## HOEKOM HET DIE DROOKEIER GEBREEK?

Dit het uit die drooknes geval en teen 'n afdraande afgerol en toe teen 'n bondel *niets* gebots en gebreek.



## WAT IS NIETS?

Niets is anti-drook. Dit is dus die teenoorgestelde van 'n drook. Jy kan nie niets en 'n drook in een botteltjie aanhou nie. Een van die twee sal breek of verdamp.




## WAAR KOM DROKE VANDAAN?



Deur 'n oop venster iewers. Almal blameer mekaar oor wie die venster oopgelos het. Daar is eers anti-drook gespuit om die droke uit te hou, maar dit het nie goed gewerk nie. Die anti-drook was verkeerd aangemaak. Nou is die droke orals, soos wat 'n mens duidelik in die nag kan sien.

## WAT EET DIE SONDROOK?



Die sondrook was lank gelede baie siek en toe het die drookter dit 'n lysie gegee van wat dit mag eet en nie mag eet nie. Die lysie word *Plan Eet* genoem. Alles wat die sondrook dus mag eet, word *planete* genoem. Droke mag nie rou kos eet nie en daarom bak hulle alles gaar in hulle binnestes. *Planete* is oor die algemeen moeilik om te verteer. Die sondrook kan duisende jare lank bak aan een eetdingetjie op die *Plan Eet*-lysie. Sondroke hou meestal van hulle *planete* droog.

## WAT IS 'n DROOKTER?

Dit is 'n drookdokter.


## IS DIE AARDE 'n PLANEET?

Ja, die Aarde is op *Plan Eet* en is dus 'n *planeet*. Die Aarde sal egter nog vir 'n rukkie veilig wees omdat droke hulle kos droog verkies. Die Aarde was eers droog, maar het van die skrik haarself nat gepieps. Meeste *planete* is droog omdat hulle te dom is om te skrik.

## WAAR KOM PLANETE VANDAAN?



Dit kom van die *planeetarium* af.
Die *planeetarium* is die plek waar sondroke hulle kos koop. Planete is goedkoper as dit in stelletjies gekoop word. Daarom is die Aarde deel van 'n stelletjie.



## HOEVEEL PLANETE IS DAAR NOG BUITEN DIE AARDE?

Ons sondrook het al 'n hele paar gevreet, maar daar is nou nog elf planete oor. Daar is nege sigbares en twee onsigbare planete. Twee van die planete is onsigbaar omdat hulle hulself probeer wegsteek vir die sondrook. Dit sal egter niks help nie, want droke kan verskriklik goed ruik.

## WAT IS DIE NAME VAN DIE ONSIGBARE PLANETE?

Wegter en Soekmalekka.




## HOE STEEK DIE ONSIGBARE PLANETE HULSELF WEG?

Hulle het hulle met *niets* gespuit. Enige iets is onsigbaar as jy dit met *niets* spuit. Selfs mense of drookbrille.

## WAT IS DIE VERSKIL TUSSEN NIETS EN NUUTS?

*Niets* is anti-drook, *nuuts* is as iets wat met niets geverf was begin afdop. Dan word dit sigbaar. Daarom sê ons: “Aha, daar is nou iets nuuts.”




## WAT IS DIE SIGBARE PLANETE SE REGTE NAME OP PLAN EET?

Die hele stelletjie word Us genoem. Omdat dit so op die groot boks geadverteer was: “Us jy 'n honger drook? Kry dan van ons heerlike kos om te vreet!”


Die Us-planete was eers genoem: Mercurius, Venus, Aardus, Marsus, Jupitus, Saturnus, Uranus, Neptunus, Plutus. Van die planete soos Aardus se name het later verander. Meestal in 'n poging om nie geëet te word nie.

## HOEKOM WORD AARDUS NOU AARDE GENOEM?

Toe Aardus nuut uit die boks gekom het, was dit Aardus genoem. Dit was toe in die vorm van 'n groot kubus. Dit was vir baie lank so hoekig, totdat die sondrook dit eenkeer probeer opvreet het. Dit het die mense en diere vreeslik laat skrik. Van skrik het almal begin rondhardloop. Van al die gewoel het Aardus omgeval en haar "-us" platgeval en haarself nat geskrik. Van toe af is haar naam **Aarde**. Daarom sal mense vandag nog “O Aarde!” sê as iemand 'n glipsie gehad het.

## IS DAAR LEWE OP DIE ANDER PLANETE?

Nie as hulle dit kan verhelp nie.



## HOEKOM IS DIE AARDE ROND?

Toe Aardus omgeval en Aarde geword het, het die mense en diere so geskrik dat hulle nog meer rondgeskarrel het. Toe val die Aarde weer en weer om. Al die gerondvallery het die Aarde se hoeke rond gemaak. Daarom is die Aarde nou rond.

## GAAN DIE AARDE ALTYD ROND BLY?


Nee. Die kans is goed dat al die gerollery sal maak dat die Aarde op die ou end 'n lang slang vorm. Soos 'n stukkie klei wat uitgerol word.

## HOEKOM IS AL DIE ANDER PLANETE DAN ROND?

Die ander planete is rond omdat die sondrook hulle gereeld omdraai met haar stert. Die sondrook se maag is rond en daarom pas ronde planete mooi daarin. Die rondhardlopery het dus eintlik die Aarde beter voorberei om opgevreet te word.

## HOEKOM IS SO BAIE DINGE IN DIE HEELAL ROND?


Baie goed in die heelal is rond omdat dit dan beter in 'n drookmaag pas.






## HOEKOM IS DROOKEIERS ROND?

Droke se binneste is rond en daarom is die drookeiers wat binne hulle groei ook rond.



## HOEKOM IS DROKE SE BINNESTE ROND?

Vir die eenvoudige rede dat die droke van hulle kos alle kante ewe gaar hou. Hulle bak die kos van alle kante af gelyk gaar in hulle ronde binnestes.



## WAAR KOM DROOKEIERS VANDAAN?

Droke groei hulle eiers uit die as van die kos wat hulle verteer het. Dit is 'n baie oulike stelsel wat baie energie en moeite spaar.

## HET ONS SONDROOK AL DROOKEIERS GELÊ?

Natuurlik. Ons sondrook se eiers word in haar nes gebêre. Ongelukkig weet ons nie presies waar dit in die Melkweg is nie.

## WAT IS DIE MELKWEG?

Die Melkweg is 'n swetterjoel droke wat saam wei. Ons dink hulle is almal een groot familie, maar hulle ontken dit. Hulle sê hulle wei net per ongeluk so saam.

